basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2025

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël ná elke antwoord oop.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 45 minute
   AFDELING B: 20 minute
   AFDELING C: 55 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees die artikel (TEKS A) hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS A: ARTIKEL




**FIFA WÊRELDBEKER 2026**
***Ons is 26!***

1 FIFA organiseer wêreldsokker. Hulle maak die reëls. Die FIFA Wêreldbeker-sokkertoernooi *(FIFA World Cup Tournament)* is die grootste sportgebeurtenis *(sports event)* in die wêreld. Miljoene mense kyk op televisie daarna. Dis waar legendes soos Messi, Ronaldo, Torres, Klose en ander wys hoe goed hulle is.

2 Die FIFA Wêreldbeker-sokkertoernooi word elke vier jaar gespeel. Die toernooi is vir die eerste keer in 1930 in Uruguay gehou. Die toernooi is nie tussen 1942 en 1946 gespeel nie, want daar was oorlog.

3 Daar was al 22 toernooie. Net die beste internasionale mansspanne neem hieraan deel. Op die oomblik is Argentinië die kampioen *(champion).* Hulle het die 2022-toernooi in Katar gewen.

4 Die volgende toernooi is in 2026. Partykeer verander FIFA hulle reëls en program. 'n Paar dinge van die 2026-toernooi gaan anders as altyd wees.

5 Vir elke toernooi word daar 'n gasheerland *(host country)* gekies waar die toernooi plaasvind. Die 2026-toernooi gaan in Kanada, Meksiko én die Verenigde State wees.

6 Gasheerlande moet genoeg stadions hê met plek vir baie mense. Daar moet ook genoeg vervoer vir besoekers wees om te kom waar hulle wil wees. Die stadions se gewone name is vir die 2026-toernooi verander. Die stadion sal dieselfde naam hê as die stad waar dit is, bv. die Mercedes Benz Stadion word die Atlanta Stadion.

7 Die 104 wedstryde sal oor 39 dae in verskillende stadions gespeel word. Dit begin op 11 Junie 2026 in Meksikostad. Die finale wedstryd sal op 19 Julie 2026 in New Jersey gespeel word.

8 Die 2026-toernooi gaan gróót wees. Daar is gewoonlik 32 spanne wat speel. In 2026 gaan daar 48 spanne wees. Die spanne sal in 12 groepe van vier elk verdeel word. Die span wat op die oomblik die kampioen is, het klaar 'n plek in die toernooi. Die gasheerlande se spanne ook. Ander spanne moet oor 'n periode van twee jaar vir die toernooi kwalifiseer.





9 Elke toernooi het sy eie gelukbringer *(mascot).* Willie was die eerste gelukbringer. In 2026 is dit Speed. Hy is 'n strokieskarakter *(cartoon character)* wat soos 'n naelloper *(speedster)* lyk. Hy is blou en geel van kleur en vol energie!

10 Elke toernooi het ook 'n eie temalied *(theme song).* Die amptelike temalied vir 2026 is op 17 Mei 2023 vrygestel *(released).* Bekende musikante van die stede waar wedstryde gespeel gaan word, sal die temalied sing. Daar sal oral lekker kuierplekke *(fan zones)* wees waar mense bymekaar kan kom en die sokker op groot skerms geniet!

11 


Adidas maak die 2026-bal. Die bal se naam is Trionda. Dit is wit, met dele in swart en geel. Daar gaan prentjies op hierdie bal wees van dinge wat uniek is aan die drie gasheerlande. Vir Meksiko sal daar 'n arend wees en vir Kanada die esdoringblaar *(maple leaf).* Vir die VSA is dit 'n ster, soos wat daar op hulle landsvlag is.

12 Die FIFA Wêreldbeker-sokkertoernooi van 2026 gaan 'n groot sokkerfees wees! Wie gaan wen? Brasilië het al vyf keer gewen. Gaan dit weer hulle wees? Of dalk Spanje, wat nog net een keer gewen het? Gaan Messi sy derde Goue Bal-toekenning ontvang? Gaan Mbappé wéér die Goue Stewel ontvang? Net die tyd sal leer.

[Verwerk uit *Wikipedia, Brittanica,* e.a.]

1.1 Noem TWEE sokkerlegendes van wie daar in paragraaf 1 gepraat word. (2)

1.2 VOLTOOI die sinne hieronder deur elke keer EEN woord uit paragraaf 2 in te vul. Skryf net die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.3) en die antwoord neer.

1.2.1 FIFA organiseer elke … (getal) jaar 'n Wêreldbeker-sokkertoernooi. (1)

1.2.2 ... (die land se naam) het in 1930 die eerste toernooi aangebied. (1)

1.2.3 Omdat daar ... was, is die toernooi nie tussen 1942 en 1946 gespeel nie. (1)

1.3 Die FIFA Wêreldbeker-sokkertoernooi word deur mans- én vrouespanne gespeel.

Skryf EEN sin uit paragraaf 3 neer wat sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

Kopiereg voorbehou 

1.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.4.1 en 1.4.2) en die antwoord neer.

Die stadions waar wedstryde gespeel gaan word, moet (1.4.1) (mooi/groot) genoeg wees, sodat daar plek is vir almal wat wil gaan kyk. Daar moet ook genoeg vervoer wees, sodat besoekers nie hoef te (1.4.2) (sukkel/betaal) om daar te kom nie. (2)

1.5 Hoeveel wedstryde gaan tydens die 2026-toernooi gespeel word? (1)

1.6 "Die **span wat op die oomblik die kampioen is**, het klaar 'n plek in die toernooi." (Paragraaf 8)

Watter span is dit? (1)

1.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.7.1 en 1.7.2) en die antwoord neer.

Speed is die gelukbringer vir die 2026-toernooi. Dit is 'n gepaste naam, want dit sê vir ons dat die sokkerspelers (1.7.1) (onfiks/vol lewe) is en dat hulle (1.7.2) (stadig/vinnig) speel. (2)

1.8 Wie maak die 2026-bal? (1)

1.9 Lees paragraaf 11.

1.9.1 Skryf EEN woord neer wat vir ons sê dat die prentjies op die nuwe bal **eie** is aan die gasheerlande. (1)

1.9.2 VOLTOOI die sin hieronder.

Die ... op die bal sal die VSA verteenwoordig. (1)

1.10 Hoeveel keer het Brasilië al die FIFA Wêreldbeker-sokkertoernooi gewen? (1)

1.11 Watter spesiale toekenning het Mbappé by 'n vorige toernooi ontvang? (1)

1.12 Die subopskrif is: ***"Ons is 26!"***

Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.12) en die antwoord (A–D) neer.

Hierdie ***"Ons"*** verwys na …

A die 2026-gasheerlande se amptenare.
B die mense wat die stadions gaan skoonmaak.
C al die mense in die wêreld wat van sokker hou.
D ondersteuners wat gaan betaal om na die wedstryde te kyk. (1)

1.13 'n Paar dinge van die 2026-toernooi gaan anders as ander toernooie wees.

Kies die omskrywing uit KOLOM B wat by die feite in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.13.1 tot 1.13.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.13.1 | Kanada, Meksiko én die Verenigde State | A | Mense wat na wedstryde wil gaan kyk, weet in watter stad dit gespeel word. |
| 1.13.2 | Nuwe name vir stadions | B | Daar is 'n nuwe temalied. |
| 1.13.3 | 48 spanne | C | Daar gaan meer as een gasheerland wees. |
| 1.13.4 | Die 2026-bal | D | Meer lande gaan aan die toernooi deelneem. |
| | | E | Dit wys iets van elke gasheerland. |


(4 x 1) (4)

1.14 Waarom is dit 'n goeie idee om lekker kuierplekke te hê waar mense bymekaar kan kom? (1)

1.15 Dink jy dit is reg dat so baie geld gebruik word om hierdie toernooi te reël? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

**TEKS B: GRAFIEK**

Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit *Grafika24*]

1.16 Watter EEN woord in die opskrif pas by hierdie prentjie?  (1)

1.17 [redacted] **Mense sukkel om medikasie te kry.**

Waar bly die mense wat die MEESTE sukkel om medikasie te kry? (1)

1.18 Waarom is dit  'n goeie prentjie om plase voor te stel? (1)

1.19 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Oral in die land kry die meeste mense medikasie by (klinieke/apteke). (1)

1.20 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.20) en die antwoord (A–D) neer.

Dit is maklik om hierdie grafiek te verstaan, want ...

A daar is nie baie woorde om te lees nie.
B die inligting kom uit *Grafika24*.
C daar is verskillende lettertipes.
D die opskrif is in vetdruk. (1)

1.21 Hoe help die inligting in hierdie teks jou om die situasie met medikasie in Suid-Afrika te verstaan? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2: VRUGTE IS GOED VIR JOU

Almal eet nie graag vrugte nie, maar vrugte is goed vir jou.

Lees die gedeelte (TEKS C) hieronder en skryf SEWE punte oor **waarom vrugte goed is vir jou**.

### INSTRUKSIES

- Som in SEWE VOLSINNE op **WAAROM VRUGTE GOED IS VIR JOU**.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag NIE langer as 60 woorde wees NIE.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**WAAROM VRUGTE GOED IS VIR JOU**

Party mense hou nie van vrugte nie. Tog is die vrugte wat jy eet, op baie maniere goed vir jou. Die water in vrugte kan help wanneer jy dors is.

Moenie gemorskos eet wanneer jy honger word terwyl jy besig is nie. Die baie sout en olie daarin is sleg vir jou. Eet liewer vrugte. Dit het baie vesel wat jou vol sal laat voel.

Daar is suur in 'n mens se mond. Dit produseer plaak. Eet appels! Dit sal help om jou tande te skrop.

Genoeg slaap is baie belangrik. Indien jy sukkel om te slaap, kan jy 'n kiwivrug eet. Volgens navorsers help dit jou om beter te slaap.

Stres veroorsaak dat jy soms in 'n slegte bui wakker word en nog steeds moeg voel. Wil jy beter voel? Die reuk van lemoene kan jou help om te kalmeer.

Soms sweet jy en ruik nie lekker nie. Deur suurlemoen aan jou lyf te smeer, sal jy lekker ruik.

Jy moet jou vel oppas. Wanneer jy aarbeie propvol antioksidante eet, hou dit jou vel gesond. Jy wil tog nie 'n vel vol merke en plooie hê nie.

So ... eet vrugte!

[Verwerk uit *Huisgenoot,* 6 Februarie 2025]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**




[Bron: Eie teks]

3.1 Hoe trek die adverteerder die leser se aandag na die opskrif van die advertensie? Noem TWEE maniere. (2)

3.2 Wie sal by hierdie winkel kom koop? (1)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

**Kom nou!!**
**Spesiale aanbiedinge!**

Met hierdie woorde (manipuleer/oordryf) die adverteerder. (1)

3.4 Vorm 'n SAMESTELLING van 'sokker+klub'. (1)

3.5  By watter EEN woord in die opskrif pas hierdie prent? (1)

3.6 Skryf EEN woord uit die advertensie neer wat beteken dat jy NIE vir iets hoef te betaal NIE. (1)

3.7 Hoe weet ons dat hierdie winkel ook op sosiale media adverteer? (1)

3.8 Waarom weet jy nie waar hierdie winkel is nie? (1)

3.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.


EEN woord vir die bal, stophorlosie, sokkerskoene en handskoene is (speelgoed/sporttoerusting). (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**




[Verwerk uit google/images.com]

4.1 Kyk na RAAMPIE 1.

Watter EEN woord sê vir ons dat Garfield baie van homself dink? (1)

4.2 Kyk na RAAMPIE 2.

Watter UITROEP sê vir ons dat Garfield nie van lang advertensies hou nie? (1)

4.3 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE.

Garfield sê: "Ek is baie honger."

**Begin só:** Garfield sê dat hy ... (1)

4.4 Kyk na RAAMPIE 3.

Hoe kan ons sien dat Garfield baie lui is? Noem EEN teken. (1)

4.5 Kyk na RAAMPIE 3.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"MOET" is in hoofletters geskryf om te (beklemtoon/ontken) dat Garfield baie graag wil eet. (1)

4.6 Vul die ontbrekende VOORNAAMWOORD in.

Wag, die lang advertensies gee … genoeg tyd om te eet! (1)

4.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.7) en die antwoord (A–D) neer.

Ons kan sien Garfield se lyftaal in RAAMPIE 3 en 4 VERSKIL, want …

A hy sit op 'n ander stoel.
B dit lyk asof hy wil slaap.
C sy ore staan nou regop.
D hy hou sy voete in die lug. (1)

4.8 Kyk na RAAMPIE 5.

Waarom, dink jy, wil Garfield gou maak? (1)

4.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is IRONIES dat Garfield in RAAMPIE 2 oor die lang advertensies kla, maar in RAAMPIE 4 gebruik hy die lang advertensies tot sy (voordeel/nadeel). (1)

4.10 Hoekom sal jy nie kan hoor wat Garfield sê nie? (1)
**[10]**

## VRAAG 5: LEESTEKS EN PRENT

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

### JY IS NOOIT TE OUD OM TE LEER NIE



Queen Malgas woon in 'n klein (5.1.1) (huis) in die Kaap. (5.1.2) (Queen is 62 jaar oud. Sy is 'n pensioenaris.) Sy het twee kleinkinders.

(5.1.3) (Queen het baie van tegnologie geweet.) Dit was altyd haar droom om (5.1.4) (baie) daarvan te leer. Sy het gehoor dat Nostop 'n rekenaarkursus by haar (5.1.5) *(church)* gaan aanbied. (5.1.6) (Sy wil dit bywoon.)

Nostop is 'n organisasie wat (5.1.7) (op/aan) ouer mense fokus en hulle leer om tegnologie te gebruik. Tydens hierdie kursus het Queen vir die eerste keer op (5.1.8) (rekenaar) gewerk. Sy was bly (5.1.9) (toe/wanneer) sy sien sy verstaan dit.

Queen het die kursus baie (5.1.10) (leersaam gevind). Sy sê sy het vir haar 'n selfoon gekoop (5.1.11) (haar kinders kontak.) Nou het sy geleer sy kan die foon ook soos 'n rekenaar gebruik. Sy kan selfs haar (5.1.12) (banksake) daarmee doen.

Queen gebruik deesdae (5.1.13) (elke dag) haar seun se rekenaar. Sy kan in verskillende programme werk, (5.1.14) (byvoorbeeld) Microsoft Word. Dalk kan haar nuwe kennis haar help om van die huis af te werk en so geld te verdien.

[Verwerk uit www.netwerk24.com]

5.1.1 Gee die VERKLEINWOORD van 'huis'. (1)

5.1.2 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Queen is 62 jaar oud. Sy is 'n pensioenaris. (en) (1)

5.1.3 Skryf die sin in die ONTKENNING.

Queen het baie van tegnologie geweet. (1)

5.1.4 Gee die VERGROTENDE TRAP van 'baie'. (1)

5.1.5 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir '*church*'. (1)

5.1.6 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Sy wil dit bywoon. (1)

5.1.7 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies.

Nostop is 'n organisasie wat (op/aan) ouer mense fokus en hulle leer om tegnologie te gebruik. (1)

5.1.8 Gee die MEERVOUD van 'rekenaar'. (1)

5.1.9 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Sy was bly (toe/wanneer) sy sien sy verstaan dit. (1)

5.1.10 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Queen het die kursus baie **leersaam gevind**.

Dit beteken dat Queen (saam met ander mense geleer het/baie nuwe dinge by die kursus geleer het). (1)

5.1.11 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF. Skryf die hele sin uit.

Sy sê sy het vir haar 'n selfoon gekoop (haar kinders kontak.) (1)

5.1.12 Verdeel 'banksake' korrek in LETTERGREPE. (1)

5.1.13 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.

Queen gebruik deesdae (elke dag) haar seun se rekenaar. (1)

5.1.14 Gee die AFKORTING van 'byvoorbeeld'. (1)

Kopiereg voorbehou 

5.2 Bestudeer die prent (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G**




[Verwerk uit wwwgoogle/images]

5.2.1 Gee die INTENSIEWE VORM van 'wit'. (1)

5.2.2 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Die jongmense voer 'n (telefoniese/aanlyn) gesprek. (1)

5.2.3 Gee die VROULIKE VORM van 'seun'. (1)

5.2.4 Gee die ANTONIEM van 'agter'. (1)

5.2.5 Skryf die sin in die korrekte WOORDORDE.

Die seun tik (op sy rekenaar) (altyd) (baie vinnig). (1)

5.2.6 Vul die ontbrekende LEESTEKEN in. Onderstreep die leesteken.

Wat sê die seun op skerm 4 (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou